**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**:

- Lees asseblief sorgvuldig deur die volgende instruksies voordat jy begin skryf.
- Moenie probeer om deur die hele vraestel te lees nie. Lees by Afdeling C slegs die vrae oor die voorgeskrewe werke wat jy vanjaar bestudeer het.
- Moenie die lengte-instruksies by opstelvrae verontagsaam nie.
- Gebruik die puntetoekenning as aanduiding van die verwagte lengte van antwoorde op kontekstuele vrae.
- Spasieer asseblief die kontekstuele vrae deur jou antwoorde in die middel van die bladsy te nommer.
- Nommer jou antwoorde in ooreenstemming met die vraagnommers.
- Omkring die vraagnommers wat jy beantwoord het op die buiteblad van jou antwoordboek.
- Netjiese en geordende werk sal in jou guns tel.

**KEUSEVRAE:**

- Beantwoord TWEE vrae uit Afdeling A.
- Beantwoord EEN dramavraag uit Afdeling B.
- Beantwoord EEN prosavraag uit Afdeling C.
- Jy moet dus ? totaal van VIER vrae vir 75 punte beantwoord.

**LET WEL**:

- Indien jy die kontekstuele tipe vrae uit Afdeling B beantwoord, moet jy die paragraaftipe vrae in Afdeling C beantwoord, of andersom.
- **Jy mag nie twee stelle kontekstuele tipe vrae of twee stelle paragraaftipe vrae beantwoord nie.**

---

## AFDELING A
## POËSIE

### VRAAG 1

**INSTRUKSIES**:
- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord Vraag 1 **OF** Vraag 2 **en** Vraag 3 **OF** Vraag 4.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

***STAD IN DIE MIS*** **(D.J. Opperman)**

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip ? dier
onder wit duisternis;
ek hoor hom knor en in oop mote
waggel sy pilare-pote
en sy kantelende rug metaal;
op hoeke van die strate blink
sy oë bloedbelope,
en met sy hap sluit staal op staal.

UIT: *Heilige Beeste* (Perskor)

1.1 Watter tipe spreker is hier aan die woord? (Gebruik r. 1 – 3 as leidraad). (1)

1.2 Lees weer r. 1 – 4. Sou jy sê die spreker loop vinnig of stadig? (1)

1.3 Motiveer jou antwoord in Vraag 1.2. (1)

1.4 Die dier waarvan die gedig vertel, is vreesaanjaend. Skryf EEN woord in r. 9 neer wat dit bevestig. (1)

1.5 Waarna verwys die dier in die gedig eintlik? (1)

1.6 Lees weer r. 1 en r. 10. In r. 1 gaan dit oor die spreker se toestand en in r. 10 word die dier se brute krag gedemonstreer. Hoe verskil r. 1 en r. 10 verder uiterlik van mekaar? (2)

1.7 Skryf TWEE opeenvolgende woorde in r. 1 – 4 neer wat op lugbesoedeling in die stad dui. (1)

1.8 Waarna verwys die volgende in die gedig?

1.8.1 "kantelende rug metaal" (r. 7)

1.8.2 "oë bloedbelope" (r. 9)

1.8.3 "sluit staal op staal" (r. 10) (3)

1.9 In r. 1 – 4 sluip die dier, maar is hy nog nie so gevaarlik soos in r. 5 – 7 nie. Verduidelik waarom daar beweer kan word dat die dier in r. 5 – 7 gevaarliker word. (1)

**[12]**

**OF**

## VRAAG 2

***BUSRIT IN DIE AAND*** **(Elisabeth Eybers)**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby. ... Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ? dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand ...

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë ...
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Uit: ***Die stil avontuur***

2.1 ? Busrit in die aand sou nogal romanties kon wees. Wat in strofe 2 versterk hierdie romantiese vermoede? (1)

2.2 Waarom is hierdie busrit nie vir die passasiers romanties nie? (1)

2.3 Die beginstrofe en die slotstrofe is in ? mate ? herhaling van mekaar. Wat van die busrit word deur die herhaling voor die gees geroep? (1)

2.4 Watter <u>woord</u> in strofe 3 dui daarop dat die spreker hom nie met al die passasiers vereenselwig nie? (1)

2.5 In r. 10 word na die bus as vaartuig en nie voertuig nie verwys. Waarop in strofe 3 sinspeel die <u>vaa</u>rtuig? (1)

2.6 Watter kontras lê in strofe 4 opgesluit? (2)

2.7 Dui aan watter herhalende klank (alliterasie) in r. 12 die bus se opdraande-stryd beklemtoon. (1)

2.8 Die passasiers word in r. 9 as slawe beskryf. Waarvan het hulle dan slawe geword? (1)

2.9 Watter strofe is vrolik en kontrasteer met die res van die gedig? (Skryf die nommer van die strofe neer.) (1)

2.10 Dink jy die passasiers moet so neerslagtig wees soos hulle hier geteken word? Motiveer jou antwoord. (2)

**[12]**

## VRAAG 3

**TREURSANG VIR VAN DER MERWE** (Uys Krige)
*(met die nuusberig, by die ontbyttafel, van ? onbekende se dood)*

Ek merk
mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe
het voorverlede awend in die kerk
gestik, gestuiptrek en skielik toe gesterwe.
Die krantberig se taalgebruik is ietwat stroef-verhewe:
in die tempel van God gisteraand presies om kwart-oor-sewe
het hy die Ewigheid aanvaar in ruil vir hierdie tranedal, die
Beslommernisse van hierdie lewe.

Ek hoop
sy familiebetrekkinge gedra hulle, is nie so gemeen
om reeds te stribbel oor wie sy kis sal koop,
en dat sy weduwee ? tyd lank eerbiediglik sal ween;
dat om sy graf sal dring ? bonte skare
om hom vaarwel te roep, hy so oud, so sat van jare, maar wat die
Dood betref so jonk, so onervare:
vriende en maats en kennisse, sy vyande en selfs sy skuldenare.

Ek meen
hy het ? goeie slag geslaan: hy's ryk, hy het geërf
die lang, lang Nag oneindig om hom heen.
Vrede en rus in stilte, oplaas verlossing van sy naam het hy
verwerf.
Wie het ooit gedink dat hy doodgewoon moes sterwe
om die Nameloosheid van al sy voorouers, die Groot Vergetelheid
te erwe,

*Wyle mnr. Honor Sint Marnix van der Merwe?*

Uit: *Gedigte* J.L. van Schaik

3.1 In watter DRIE opsigte verskil r. 2 van r. 25? (3)

3.2 Watter insident het aanleiding gegee tot die skryf van hierdie gedig? (1)

3.3 Dui die progressie (ontwikkeling) in r. 4 aan. (1)

3.4 In r. 2 word die oorledene se volle naam en van gegee.

3.4.1 Waarop sinspeel Marnix spottenderwys? (1)

3.4.2 Waarom is reël 2 teenstrydig met die gekursiveerde subtitel? (2)

3.5 Die dood word met ? ruiltransaksie vergelyk (r. 6 – 8). Hoe beskryf die spreker die beslommernisse van die lewe in r. 7? (1)

3.6 As iemand sterf, word dit as verlies beskou, maar in die gedig word die dood vergelyk met iemand wat ryk geërf het. Watter wonderlikheid het Van der Merwe volgens strofe 3 geërf? (1)

3.7 In hierdie gedig word die ______ as die groot gelykmaker beskryf (vul die ontbrekende woord in). (1)

3.8 Wie presies is die "bonte skare" waarvan r. 13 melding maak? (2)

**[13]**

**OF**

**VRAAG 4**

**KAROO-DORP: SOMERAAND (N.P. van Wyk Louw)**

1 Die laat-middag het room geword
en treine wat ver fluit
en ? wit-bont klaas-skáwagter
wat wag-hou op ? kluit

en rook uit die lokasie rook
en by die dorpsdam sing
en mense in tennisbroekies loop
die koper skemer in

dóér op die nasionale pad
loop motortjies onhoorbaar, hoog;
Oum-Appie-Slagkraal se ou fiets
kom staan, vanself, moeg, voor die oog.

Tant'-Tolie-met-die-kanker kom
sit op die bordienghuis se stoep:
vanaand gaan hoor ons nog hoe sy
die Here en die uile roep.

Uit: *Tristia*

4.1 Wat is ? klaas-skáwagter? (1)

4.2 Uile staan tradisioneel vir wysheid. Waarop kan die uil in r. 16 ook dui? (1)

4.3 Waarvoor staan die oog in r. 12? (1)

4.4 Met wie het jy die meeste simpatie: Oum-Appie of Tant'-Tolie? Motiveer jou standpunt baie duidelik. (2)

4.5 Wie sing moontlik by die dorpsdam? (1)

4.6 Daar is ? teenstelling opgesluit in die slotreël. Watter TWEE sake staan teenoor mekaar? (2)

4.7 In byna elke strofe is daar sprake van die gehoorsintuig (oor). In watter strofe word gesinspeel op die gebed van ? bejaarde in nood? (1)

4.8 Watter woord in strofe 2 kan vandag aanstoot vir sekere groeperings in die samelewing gee? (1)

4.9 Wie is die <u>ons</u> in r. 15? (1)

4.10 Waarop sinspeel <u>koper</u> skemer in r. 8? (1)

4.11 Watter konsonantklank in r. 2 suggereer die fluitgeluid van die treine? Skryf die hele reël oor en onderstreep net dáárdie klanke. (1)
**[13]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B
## DRAMA
## *DIE KEISER* (Bartho Smit)

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Beantwoord Vraag 5 (kontekstuele vrae) óf Vraag 6 (paragraaftipe vrae).
- Indien jy die kontekstuele vrae beantwoord, **moet** jy in Afdeling C die paragraaftipe vrae beantwoord, of andersom.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 5

Bestudeer die volgende teksgedeelte uit die drama en beantwoord dan die vrae wat daarop volg:

Hofnar : Dis oor my Kroon nooit vannag geslaap het nie.

Keiser : As ek net kon weet, net kon gló daar ís klere en dis net ek en jy wat hulle nie kan sien nie ... *(Hy probeer deur die venster sien wat onder in die strate aangaan.)* Maak oop. *(Die Nar maak die venster oop en albei kyk uit. Oor die lawaai heen:)* Wat maak hulle?

Hofnar : Hulle dans, my Kroon. Kyk hoe vol is die strate – en almal dans! Kyk dáár, my Kroon! *(Die Keiser staar ? oomblik uit asof hy gehipnotiseer is; dan draai hy skielik sy rug op die venster en druk sy ore toe.)*

Keiser : Maak toe! Maak toe die venster! Maak tóé! *(Die Nar maak haastig die venster toe. Dan klou die Keiser hom*

*skielik wanhopig vas.)* Nar, ek kan nie! Help my! Jy moet my help! Ek kán nie!

Hofnar : Toe maar, my Kroon ... Toe maar my Kroontjie ...

Keiser : Ek kan nie kaal tussen al daardie mense gaan loop nie! Ek kán nie! Ek sal liewer sterf ...

Hofnar : My Kroon!

Keiser : Ek kán nie! Ek kan nie! Ek kan nie!

Hofnar : *(streng)* Keiser! Ruk jou reg!

Keiser : *(ruk hom reg)* Ek is jammer.

Hofnar : Sorrie, my Kroon ... Kom. Kom sit, my Kroon. My Kroon het ? deurmekaar nag agter die rug, en ? swaar dag voor. Maar ons sal ? plan maak. Alles sal regkom – my Kroon sal sien. Kom.

Keiser : (toonloos) Weet jy – het iemand jou ooit vertel ...?

Hofnar : Wat vertel, my Kroon?

Keiser : Van my drome ... Dis verskriklik. Selfs in die dag kan ek dit nie vergeet nie. En saans – dis verskriklik om te gaan slaap in die aande ...

Hofnar : Wat se drome, my Kroon?

Keiser : Ek droom ... Ek wéét dit moet iets te doen hê met my vader se siekte – maar dit help my niks dat ek dit weet nie. Dit kom altyd weer terug – altyd dieselfde droom ... Ek droom ek moet kaal tussen ? klomp mense deur loop. En ek is bang, ek is kranksinnig van angs. Ek is seker as iemand my nie wakker maak nie, ek sal sterf van die angs. My hart sal gaan staan. En as hulle my wakker gemaak het ...

Hofnar : My Kroon?

Keiser : Ek ruk van kop tot tone, en die sweet tap my af, en ek huil. Ek kan dit nie verhelp nie; ek kan daar niks aan doen nie – ek huil ...

Hofnar : En as dit so verskriklik in my droom is ... Wat gaan ek dóén, Nar?

Hofnar : Trek ander klere aan, my Kroon, en laat die mense dink of sê wat hulle wil.

Keiser : Dis nie dít nie. Dis nie wat die mense van mý sal dink of sê nie.

Hofnar : Wat ís dit dan, my Kroon?

Keiser : Ek mag hulle nie in hulle Keiser teleurstel nie.

Hofnar : *(ontroerd)* My Kroon *(? Oomblik lank is elkeen besig met sy eie gedagtes)*. My Kroon ...

Keiser : Ja Nar?

Hofnar : Het ek al vir my Kroon die storie vertel van my oeroupagrootjie en my oeroumagrootjie wat ontdek het hulle is kaal?

Keiser : Gaan voort.

5.1 Kyk na die herhaling in r. 11:

5.1.1 Watter woorde word hier herhaal? (1)

5.1.2 Wat is die funksie van hierdie herhaling? (2)

5.2 Die Nar spreek die Keiser in r. 15 as "Kroontjie" aan. Hoe was die Nar se verhouding met die Keiser? (1)

5.3 Vergelyk r. 4 en r. 11 met mekaar. Dui TWEE belangrike verskille tussen die twee reëls aan. (2)

5.4 Noem TWEE redes waarom die Keiser se nag so deurmekaar (r. 23) was. (2)

5.5 Watter tipe "siekte" (r. 28 – 39) het die Keiser gehad en waarvan is die siekte ? simbool? (2)

5.6 Dink jy die Keiser sien die klere? Motiveer jou antwoord en konsentreer op r. 1 – 4. (2)

5.7 Na wie verwys die "hulle" in r. 6? (1)

5.8 Kyk weer na r. 1 – 15. Hier is sprake van TWEE ruimtes: die verhoogruimte en die ruimte buite in die strate waar iemand dans. Watter TWEE kontrasterende stemmings koppel jy aan die verhoogruimte en aan die ruimte in die strate? (2)

5.9 Daar word gesê dat die Keiser ? idealis en ? dromer is. Bestaan die Keiser se drome slegs uit maanskyn en rosegeur? Motiveer jou antwoord en konsentreer veral op r. 28. (2)

5.10 Watter teenstelling merk jy op tussen r. 20 en r. 22? (2)

5.11 Vanaf r. 58 vertel Hofnar ? verhaal. In watter ander bekende boek word die verhaal effe gewysig vertel? (1)

5.12 Wat het die Keiser op die oomblik aan? (1)

5.13 Waarna verwys die swaar dag in r. 23? (1)

5.14 Lees r. 51. Het die Keiser aan die einde wel sy volk teleurgestel? Motiveer jou antwoord. (2)

5.15 In hierdie drama kry klere ? simboliese betekenis. Watter simboliese betekenis kry dit? (1)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 6**

6.1 Sekere mense word met verloop van tyd in die drama ontmasker. Hofnar en die Wewers speel ? belangrike <u>ontmaskeringsrol</u>. Bespreek hierdie stelling in ? opstel van 200 – 250 woorde en gebruik die volgende raamwerk as uitgangspunt:

- Hofnar ontmasker deur sy humor (grappe).
- Hofnar se "paradysverhaal" is ontmaskerend van aard.
- Die Wewers laat die Keiser begin twyfel aan sy bekwaamheid om die land Ekwator te regeer.
- Die Wewers ontmasker byna elke ander karakter behalwe vir Hofnar en Diplomaat. (15)

6.2 Die Keiser is en bly ? idealis en dromer. Hy beleef baie innerlike konflik. Die volk vereer hom ironies aan die einde as ? held. Bespreek die innerlike konflik van die Keiser in ? opstel van 180 – 200 woorde en maak van die volgende raamwerk gebruik:

- Die Keiser se innerlike konflik begin as die Wewers op die toneel verskyn.
- Die Keiser is bang hy erf sy pa se siekte; daarom kry hy angsdrome.
- Die gesprek tussen die Keiser en Hofnar die nag voor die optog beklemtoon die Keiser se innerlike konflik.
- Na sy waansin bly die Keiser eintlik ? idealis en ? dromer. (10)

**[25]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

AFDELING C
**PROSA**

**INSTRUKSIES**:

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Indien jy in Afdeling B die kontekstuele vrae beantwoord het, **moet** jy nou hier die paragraaftipe vrae beantwoord, of andersom. Indien jy nie hierdie vereiste nakom nie, sal jy geen punt vir Afdeling C verdien nie!
- Beantwoord slegs ? vraag oor die roman wat jy vanjaar behandel het. Die romans is soos volg:

  ***KRINGE IN 'N BOS*** (Dalene Matthee)
  ***FIELA SE KIND*** (Dalene Matthee)
  ***BY FAKKELLIG*** (Karel Schoeman)
  ***TOORBERG*** (Etienne van Heerden)

- Hierdie Afdeling tel 25 punte.

**KONTEKSTUELE VRAE:**

- Beantwoord hier Vraag 7 óf 8 óf 9 óf 10, afhangende van die voorgeskrewe roman wat jy behandel het.
- Gee baie aandag aan jou skryfstyl, lees telkens die gegewe tekste deeglik deur en beantwoord daarna die vrae wat daaroor gestel is direk en in keurige taal.

## VRAAG 7

***KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)**

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is:

> Die Donderdagmôre, kort ná sonop, kry hy Oupoot se spoor. Ongeveer ? myl noord in die Knysna op van waar hy die vorige nag geslaap het, en die olifant is van wes na oos deur die rivier. Teen die voordag, want die spoor is nog klam waar hy aan die oorkant uit is .... Hoe ver is Oupoot voor? ? Uur? ? Oomblik wil angs en twyfel hom beetvat, maar hy druk dit van hom weg. Hy het twee dae lank deur die Bos geloop om hierdie spoor te kry en sentiment gaan nie Freek Terblans se hand stuit nie! Klaar.
>
> Dis die ander ding wat in hom torring wat hy nie gekeer kry nie: hy is minder as ? halfuur van Groot Eiland af en as hy nie sy voete keer nie, gaan hulle met hom noord draai en met hom daarheen loop. Om wat te gaan maak? vra hy hom af, en volg Oupoot se spoor deur die klam onderbos. Al wat op Groot Eiland oor is, is grafte: sy ma, Sara, sy pa. Maar hy moet kos in die hande kry, miskien het ander daar gaan huismaak, stry die ander ding. Noudat hy weet waar Oupoot se spoor is, kan hy maklik Groot Eiland toe gaan, terugkom, die spoor weer kry en volg en lank voor donker klaarmaak wat hy gekom het om te doen.
>
> ? Halfuur later draai hy noord.
>
> Toe hy die geweer gaan haal het, het Maska gesê ou Anneries het duskant Kaffirskop huisgemaak; diep in die tagtig en kap nie meer nie, maar maak darem nog gereeld sy speke en neem hulle dorp toe.
>
> Had húlle reg en hy verkeerd? wonder hy skielik. Is slaaf wees, hond wees, niks wees, blind wees, nie tog maar die maklikste nie? Wat maak dit nou eintlik saak waar die bloubokkie se gal sit? Of waar jy glo dit sit?
>
> Nee – om ? lieg te glo, is om jouself te verloën. Om ? waarheid verby te loop omdat lieg se pad gerieflik oopgetrap is, is eweso. Laat hy dan voor alles skuldig staan, maar nie dáárvoor nie!

7.1 Verklaar wat die verteller bedoel met: "... sentiment gaan nie Freek Terblans se hand stuit nie" (r. 6). (2)

7.2 Waarom is Groot Eiland ? trekpleister vir Saul? (1)

7.3 Hoe is Sara en sy ma (r. 10) dood? (1)

7.4 Benewens die rede wat jy in Vraag 7.2 genoem het, is daar nog ? rede waarom Saul Groot Eiland toe wil gaan. Om watter rede is dit? (1)

7.5 Saul is ? buitestander. Skryf EEN sin neer uit r. 19 – 21 wat suggereer dat Saul los van ander mense is. (1)

7.6 Die woord "lieg" in r. 22 is ontaalkundig. Wat moes dit eintlik wees? (1)

7.7 Waar, het die bosmense geglo, sit die bloubokkie se gal? (1)

**EN**

Saul het vuur gemaak en Patterson se pleidooi, sy dreigemente, sy aanroep van die Allerhoogste, sonder ? teenwoord aangehoor. Hý besluit oor omdraai, nie Patterson nie.

"Hoor jy wat ek sê?! Ek sê ons draai om, jy hoef nie vuur te maak nie!":

"Loop lê daar in die tent en hou op om so te skree, jy maak jouself net gedaan."

"Ek kan dit nie langer verduur nie!"

Die loeries het bokant hul koppe teen die takke opgeklouter en af en toe ? "kok!" grond toe laat val.

"Ons draai nie om nie."

"Dan sal ek alleen omdraai!" het Patterson sotlik gedreig. Saul het hom laat begaan. Hy het opgestaan en pekelvleis en brood uit die kospak gehaal. En die bord MacDonald het net een bord laat inpak. Een mes, een vurk. Genadiglik darem twee bekers, anders moet hy sy koffie seker uit sy hand drink ... Nee, hulle gaan nie omdraai nie.

7.8 Watter persoon het heel eerste die gerug oor die goud versprei? (1)

7.9 Toe MacDonald Saul opdrag gee om Patterson te vergeet, het hy TWEE redes gegee vir Patterson se besoek aan die bos. Watter TWEE redes was dit? (2)

7.10 Volgens r. 26 was Saul nie baie gretig om sommer om te draai nie. Waarom was dit so? (1)

7.11 Waarom het Saul geweet dat Patterson nie alleen sou omdraai nie? (1)

7.12 Bewys uit hierdie gedeelte dat MacDonald Saul as minderwaardig beskou het. (1)

7.13 Dink jy Saul se tog saam met Patterson het baie vir homself beteken? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

Teen die voordag was daar ? besluit geneem: Hulle sal opruk en George toe marsjeer waar die Goewermentsverteenwoordigers na hulle sal móét luister! Almal gaan saam!

Ligdag het Saul, uitgeput van die nag se luister na dieselfde storie, by sy skerm aangekom en in die bruin water van Meulbosstroom gaan was. Vir die eerste keer in maande was daar iets van die vrede van vroeër in hom en om hom. Nie ? pik se kap of ? graaf se steek of die gedoef-doef-doef van die stampmeulens het die Bos se geluide verdring nie. Al die delwers het gaan slaap ...

Selfs Crompton en Morris en James Stewart het laasnag erken dat hulle terugverlang na die dae voordat hierdie spul gekom het .... Die vroue het later die nag by die mans aangesluit. Kate was onder hulle, haar hare losweg vasgemaak, die lig van die lanterns warm oor haar gesig. Maar hy het gesien sy kry koud; sy het die woltjalie hoog om haar nek opgetrek en styf om haar lyf gevou. Sy het hom gewaar en nader gekom.

"Jou mond verraai wat binne-in jou aangaan, Saul Barnard," het sy ligweg aangeval.

"Naand Kate. Ek is nie té optimisties nie. Waar goudkoors uitgebreek het, keer net harde medisyne."

7.14 Waarom moes die delwery onmiddellik stopgesit word? (2)

7.15 Wie is die hulle in r. 39? (1)

7.16 Wat was hulle doel met die "optog" George toe? (1)

7.17 Waarom voel Saul skielik weer kalm? (1)

7.18 Gee ? voorbeeld van klanknabootsing uit hierdie gedeelte. (1)

7.19 Kommunikeer Saul en Kate hier op ? vriendskaplike manier? Motiveer jou antwoord. (2)

7.20 Na wie verwys die "spul" in r. 48? (1)
**[25]**

## VRAAG 8
## *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman)

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is:

> Ongemaklik kyk David rond in die hutjie, bewus van die ongewaste liggame en die geur van ontelbare maaltye hier in die benoudheid. Die ou man buig voor Alice en sy kaal kop met die fraiing grys hare blink in die lig, maar David is bewus van sy oë wat vinnig ronddartel terwyl hy praat, en niks van die besoekers miskyk nie.
>
> "En is dít haar man?" vra Alice. "Of haar seun?"
>
> David het nie eers die jong man raakgesien nie, waar hy in die hoek sit sonder om ? woord te sê. Die ou man gaan regop staan en sê iets vir hom in ? lae, vinnige stem. Toe lag hy senuweeagtig. "U moet ons verskoon, milady: ons is nie gewoond daaraan om sulke hoë besoek te ontvang nie. Nee, dit is net ? huisvriend, ? besoeker soos ek. Hy is maar beskeie, dog eintlik is dit hý wat u welkom moes heet eerder as ék, want hy is ? geleerde man. Hy sal u begroet in Latyn of in Grieks as u ladyskap dit verlang."

8.1 Waar bevind David en Alice hulle en hoe het dit gebeur dat hulle hier beland het? (2)

8.2 Waaraan meet die ou man belangrikheid? (1)

8.3 Gee TWEE redes waarom David ongemaklik (r. 1) is. (2)

8.4 Wie is die man in die hoek? (1)

**EN**

Lady Harriet het haar hewig ontsteld teruggetrek in haar kamer, en bly dae lank verskuil agter die gordyne van die hemelbed. "Hy het as jong man hier kom jag, "kreun sy wanneer Alice haar kom besoek; "ek was op die bal wat hy op Renmore gegee het ná sy troue. En dat dit met hóm moes gebeur, met hóm ..."

Ter wille van Alice verwys Arthur en David so selde moontlik na die voorval, maar tog word elke oomblik van die dag daardeur gekleur. Die bediendes fluister opgewonde onder mekaar, besem, skilmes en seemsleer vergete, en Arthur se aandag word vir ? rukkie afgelei van die stalhof.

8.5 Watter voorval (r. 16) is hier te sprake? (1)

8.6 Waarom skuil Lady Harriet agter die gordyn van die hemelbed? (1)

8.7 Op watter manier word Lady Harriet se skok in r. 15 beklemtoon? (1)

**EN**

"Ja, dit sal." Sy staar in die vlamme. "Maar jý, David, wat hier agterbly, hoe eensaam sal dit nie vir jou wees nie."

"Ek sê jou tog ek is gewoond daaraan. Ek sal gaan stap, gaan ry, lees ...", maar sy onderbreek hom.

"Is jy seker dat jy nie Dublin toe wil kom saam met ons nie, David? Arthur sal so maklik vir jou een of ander pos kan kry, en dit hoef nie werk mee te bring nie – iets met ? goeie salaris en ? bietjie aansien, iets wat jou ? posisie gee in Dublin ..."

"Ek dog Arthur wil hê dat ek Maria Cunningham trou en hier bly."

"Dit het niks met Arthur te doen nie, David, dit is alles my eie plan. Jy behoort tog aan ? goeie familie, daar is geen rede waarom jy hier op die platteland moet sit en vergaan nie. Daar is soveel moontlikhede, jy het so ? wye keuse ..."

"Ek wil sélf my keuse doen," sê hy. "Arthur sal dit nie vir my doen nie, Alice en jý ook nie. Ek sal kies wat ek wil hê – ek het dit nog altyd gedoen, en dit is waarom ek weggebly het van die mense hier met hul bals en dinees en jagpartye. Ek wil dit alles nie hê nie, en ek wil ook nie die lewe in Dublin hê nie, met al sy kliekerigheid en omkopery en spioenasie en skinderpraatjies. Ek wil doen wat ek wil, niks anders nie."

8.8 Waarom gaan Arthur Dublin toe? (1)

8.9 Wie is dit wat wil hê David moet met Maria Cunnigham trou? (1)

8.10 Beskryf baie kortliks hoe David die lewe in Dublin sien. (2)

8.11 Motiveer uit r. 32 – 33 waarom ons David as buitestander moet sien. (1)

**EN**

Na daardie enkele middag het David nie teruggekeer na die skoolmeesterswoning bokant Loch Phádraig nie; half het hy gehoop dat hy O Néill sou ontmoet by die huis van Séamas Bán, wat soms oor hom gepraat het, en hy het bly wag dat dit moes gebeur. Een middag teen die einde van die herfs toe hy op Ard na Croise aankom, is die skoolmeester ook daar.

"Ons het geselskap," groet Séamas hom. "Drie, die volmaakte getal. Liam het opgedaag."

"Word ek dan opgeneem in ? driemanskap saam met julle grondeienaars?" vra O Néill spottend.

"Grond – wie stel belang in grond, kêrel? ? Kameraadskap van die gees, ? intellektuele broederskap, dis wat dit is. Wat maak ander dinge saak – bloed, geboorte, stand, besit: blote toevallighede! David mag die seun wees van sir Fredrick en die broer van sir Arthur, maar hy het darem die vermoë om los te breek uit daardie kokon."

"Gee jy hom gevaarlike boeke om te lees, Séamas?"

"Verderflike boeke, opruiende boeke! Deur hóm dring ek die vesting van die teëstander binne!

8.12 Wie is die geselskap (r. 41) waarna Séamas verwys? (1)

8.13 Waarheen nooi Liam vir David op Oukersaand? (1)

8.14 Hoe beskou Séamas dinge soos bloed, geboorte, stand en besit in r. 46 – 47? (1)

**EN**

Die aanwesigheid van die soldate in die buurt vermeerder slegs die gevoel van spanning wat daardie lente fyn maar seker oplaai, en toeneem in die lentedae sodat selfs hy in sy afsondering dit kan voel. Hy verlaat nie meer die landgoed nie, maar bly rusteloos wag. Wat doen Liam? wonder hy soms. En Séamas? Maar hy staan buite alle gebeure behalwe dié wat Toby hom opgewonde meedeel tydens maaltye. "Ja, meneer David, dis nie meer speletjies nie, die regering tree nou ernstig op. Die volk kan sien dat hulle vasgevat word. Die soldate ondersoek elke huis, en hulle laat nie met hulle speel nie. Daar is ? hele paar mense hier wat moes deurloop onder hul bajonette, of wat selfs ? goeie loesing gekry het, wat hulle seker ook deeglik verdien het. Dit sal hulle gekonkel stopsit."

8.15 Waarom is daardie lente (r. 53) ironies? (1)

8.16 Waarom verlaat David nie meer die landgoed nie? (1)

8.17 Wie het David laat roep toe Liam dood is? (1)

**EN**

Die predikant is hier, milord, en ? bemoediging.”

“Dis ? groot vertroosting, milord, en ? bemoediging.’

“Ek wil hom nie sien nie – ek wil niemand sien nie. Ek wil hom nie vandag by my hê nie, of môre.”

Die man gaan: hy bly alleen in sy sel, die smaak van die goedkoop wyn suur in sy mond. Dit is somer en die aande is lank: tot tienuur of elfuur sal die wasigheid van die son nog sy sel verlig. Buite hoor hy van ver die aandgeluide van die stad, die gerammel van waens en rytuie, stemme, kinders wat speel, die lewe wat voortgaan verby hom in die stilte van hierdie vertrek.

8.18 Waar presies bevind David hom tans? (2)

8.19 Met watter TWEE sintuie neem David nou waar? (2)

8.20 Wat gaan die volgende dag met David gebeur? (1)

**[25]**

## VRAAG 9
### *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is:

“Hou nou op met mor, Barta, dis nie hoe die magistraat se wil staat nie, en bowendien, jy weet die dorpenaars is maar skrikkerig om dieper as die rand in die Bos in te kom. Vandag moet ons maak soos dit die wil van die magistraat is, want sy wil is die wet. En jy moenie loop staan en skuraak voor die man nie, Barta. Jy kan partykeer so binne-in jou mond praat as jy sku is. Praat voor in jou mond as hy jou iets vra. Hy moet ? goeie impressie van ons kry; mens weet nooit wanneer jy vorentoe weer voor hom moet gaan staan nie.”

“Wat meen jy?” vra sy en steek vas.

“Moenie jou so vir alles tot stilstand skrik nie, Barta! Kom! Ek sê maar net omlat ? mens nooit weet wanneer die boswagter jou beloer as jy ? ou strikkie stel nie. Almal stel strikke, want wie kan sonder vleis leef? Maar daar’s dae wat ek met die spesmaas sit lat net Elias van Rooyen dopgehou word.”

9.1 Hoe het Barta gereageer toe sy die nuus gekry het dat Lukas nog lewe? (1)

9.2 Die woord impressie (r. 6) is verwant aan Engels. Gee ? suiwer Afrikaanse woord vir impressie. (1)

9.3 Wat presies beoog die bosbewoners om in die wippe te vang? (1)

9.4 Waarvoor het Elias ook ? wip gestel? (1)

9.5 Het daardie poging van Elias goeie vrugte afgewerp? Sê net ja of nee. (1)

9.6 Elias en Barta is te voet op pad.

9.6.1 Waarheen is hulle op pad? (1)

9.6.2 Wat is die doel van hulle tog? (1)

9.7 Waaroor twyfel Barta op die oomblik? (1)

9.8 Hoe reageer Barta dikwels as sy haar mond in die openbaar moet oopmaak? (1)

**EN**

Sy het in die olifantpad langs gebly tot die son reg bo haar kop gesit het. Toe het sy weer ? slag gerus, die kind laat drink en die wêreld om haar bespied. Sy kon nie te ver van die poort af wees nie. Petrus het gesê Selling is in een van die spanne wat in die poort werk; haar kop het vir haar gesê sy sal nie sommer in die poort kan in en hom begin soek nie. Wat van die wagte en die ander bandiete? Sy sou self moes pad ooptrap teen die voorste berg uit tot bo, dan oos draai en al op die rug langs loop tot by die spits, waar sy van bo af sou kon kyk waar hy is.

Sy het die kind van haar bors afgehaal en weer op haar rug vasgebind en begin klim.

Voor sy halfpad teen die berg uit was, het sy geweet dat sy ? kwaai ding aangepak het; dit was steiler as wat dit van onder gelyk het. Maar sy kon nie omdraai nie, want waarlangs dan? Op plekke was dit te gevaarlik en moes sy ompad klim. Die haas het haar voete laat struikel, want die son was besig om afdraand te loop. Hoe ver wes was sy van die splits af?

9.9 Wat is die kind se naam wat in r. 14 ter sprake is? (1)

9.10 Verduidelik: “die son was besig om afdraand te loop.” (r. 25) (1)

9.11 Waarom is Selling nie op die oomblik by die huis nie? (2)

9.12 Waarom is die kind saam met haar? (1)

9.13 Kon Fiela met Selling praat? Sê net ja of nee. (1)

9.14 Watter ingrypende belangrike gebeurtenis het plaasgevind terwyl Selling nie tuis was nie? (1)

9.15 Gee TWEE redes waarom Fiela so versigtig beweeg. (2)

**EN**

> "Laat my verbykom!"
>
> "Jy bly waar jy is! Ek loop soek nie weer ? maaksel nie, ek sê jou!"
>
> "Laat my verbykom, asseblief!"
>
> "Jy moet op my kom staan en skree! En jy moet vanaand kom voor begin met jou nukke! Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste bruingeid nie uit jou uit is nie! Jy was net mooi op pad om weer witmens te word en witmens sal jy bly!"
>
> Die vrou het in die kos geroer en oor haar skouer gesê: "Los hom, Elias. Die kinders is moeg, hulle moet iets eet."
>
> Hy wou nie eet nie. "Wat het Fiela Komoetie gesê?" het hy gesoebat. "Wat het sy gesê?"
>
> "Sy het niks hier te sê nie. Sy't jou goed gebring en klaar. Probeer jy net weer wegloop en ek sal laat die magistraat hierdie keer die konstabel stuur om jou te vang."

9.16 Elias wil die bruingeid uit Lukas slaan. Word hierdie uitdrukking letterlik of figuurlik gebruik? (1)

9.17 Gestel jy was Elias. Sou jy in dieselfde omstandighede net so onsimpatiek teenoor Lukas optree? Motiveer jou antwoord. (2)

9.18 Wie het saam met Fiela geloop toe hulle Benjamin se goed terug Bos toe geneem het? (1)

**EN**

> "Loop speel, Benjamin. Loop kry jou skuit op die water." Maar die kind het agter haar bly staan asof hy skuilte in haar skaduwee soek. Sy het altyd geweet die dag sou kom waarop sy vir hom sou moes baklei, dis net dat die dag uit ? rigting gekom het wat sy dit nie verwag het nie. Sy het altyd gedink dit sou weer Petrus Zondagh wees wat op ? dag ? tweede keer oor die kind kom praat. Vir daardie dag was sy voorberei, nie vir hierdie een nie.
>
> "Mense, wag bietjie!" Die dikke het skielik sy hande in die lug gegooi en gesit soos een wat iets te sê het. "Hoe lank gelede sê jy was dit dat jy hom hier voor jou agterdeur gekry het?"
>
> "Nege jaar."

9.19 Waarom beveel Fiela Benjamin om te gaan speel? (1)

9.20 Wie is die dikke (r. 45) nou eintlik? (1)

9.21 Watter invloed het Benjamin se skuite op sy latere lewe gehad? (1)

**[25]**

## VRAAG 10
## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

Bestudeer die volgende teksfragmente en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is:

> Dit was ? uitgebreide familie, en hy't reeds aan die begin van die reis die stamboek op ? skoon, wit stuk papier geteken. Die Skaamfamilie uit die lende van Floors Moolman links, en regs die fiere Moolmans – van StamAbel en Magtilt tot by die jongstes. Nou sit hy dit weer en memoriseer. Hy kan die bloedlyne reeds in sy gedagtes volg as hy sy oë toemaak. Deeglikheid; dít het Justisie hom geleer.
>
> Maar rekening met die drif van die Moolmans – in lewe én dood – het die magistraat nie gehou nie, want terwyl hy nog op pad is in die trein, só word vertel, staan OuAbel Moolman, die seun van StamAbel en die vader van Abel, uit die dood op. Hy ry met sy ou jeep om die magistraat op kommissie in die hoofstraat van die dorp in te wag.

10.1 Wat in hierdie stuk is geheel en al onmoontlik? (1)

10.2 Wie is die hy in r. 1? (1)

10.3 Waar presies bevind die hy hom op die oomblik? (1)

10.4 Aan watter kant van die stamboek, links of regs (r. 2 – 3) is KênsTillie en Druppeltjie ingeskryf? (1)

**EN**

> "Ek en Tillie, u sien, u Edelbare, hoe sal ek nou sê? Ek en Tillie was nou nie juis getroud nie. Dié ding het maar gebeur toe sy in hierdie klomp mikke van my geïnteresseerd geraak het. U weet, u Edelbare, sy't my bekruip in die veld as ek mik trek. Sommer agter ? bos vlie sy uit en gryp my mik en hol die veld in daarmee. Nee, u Edelbare, ek het my probleme gehad met haar. Malkind soos sy is. U sal nog oplet as Ella haar vir u Edelbare wys, as hulle haar laat uitkom uit daardie kamer wat Abel laat aanbou het ná Druppeltjie se dood. U weet, Edelbare, daar's nie ? enkele venster in daardie kamer nie, en Kaatjie se niggieskind vertel my Tillie lê op net ? matras en dis die een kooksel daggatee op die ander.

10.5 Wie is in r. 10 aan die woord? (1)

10.6 Watter beroep beoefen dié persoon? (1)

10.7 Wie het aanbeveel dat Tillie daggatee drink? (1)

10.8 Watter emosie steek die spreker weg met die woorde: "hoe sal ek nou sê?" (r. 10) (1)

10.9 Skryf EEN woord neer wat suggereer dat Tillie nie normaal was nie. (1)

10.10 Waarna verwys "Dié ding" in r. 11? (1)

**EN**

“My liewe vrou,” skryf die magistraat daardie aand aan sy vrou terwyl hy by die tafeltjie voor sy hotelvenster sit en oor die skemer dorpie uitkyk, “ek is tans besig met die vermoeiende taak om elk van die getuies in hierdie saak se gevoelens te toets. Dit is nog geen formele ondervraging nie. Eers as ek ? duidelike rekonstruksie van die vermeende gebeure kan maak, sal ek die tweede fase van my ondersoek betree, naamlik die afneem van beëdigde verklarings waar nodig.”

Hy kyk op, oor die dorp se dakke, neem ? slukkie whisky en luister hoe die ys in die glas rinkel. Dan skryf hy verder: “In hierdie stadium lyk dit nie vir my of dit nodig sal wees om enigiemand te subpoena om formeel te verskyn nie, aangesien beëdigde verklarings genoeg materiaal vir beslissing sal bied.

10.11 Waarom is die briewe van die magistraat aan sy vrou ironies? (1)

10.12 Waarom neem die magistraat nog geen beëdigde verklaring af nie? (1)

10.13 Wat is baie opvallend aan die magistraat se liggaam? (1)

10.14 Behalwe die whisky is daar ? ander gewoonte van die magistraat wat hier nie genoem word nie. Watter gewoonte is dit? (1)

10.15 Wat is die magistraat se van? (1)

10.16 Watter simboliese waarde het dié van? (1)

**EN**

“Ek hoop so”, spot hy liggies deur die blou rook. “U sien, dit kan wees dat hy reeds dood was toe almal gemeen het hy lewe nog.”

Hy sien hoe haar gesig sluit soos haar gedagtes teruggaan. Sy skud haar kop. “Ek sal nie kan sê nie.”

“U sien, toe die skoot klap ... “Maar voor hy die sin kan voltooi, staan sy op.

“Ek skink vir ons nog ? bietjie tee.”

“Nee dankie, regtig nie.” Toe sy weer sit, gaan hy voort: “u wil nie aan die insident herinner word nie?

“Die kind het in my klas gesit. Ek het Noag goed geken.”

“Kón mens hom ken?”

“Hy was effens agter ... Vertraag, as u wil. Maar ? liewe kind.”

10.17 Wie is die sy in r. 31? (1)

10.18 Wat is die funksie van die ellips (...) in r. 33? (1)

10.19 Na watter insident word in r. 35 verwys? (1)

10.20 Watter karaktertrek het KênsTillie en Druppeltjie gedeel? (1)

10.21 Druppeltjie het ook as Noag bekend gestaan, maar hy is ook kind van die ______ genoem (vul die korrekte woord in). (1)

**EN**

> Maar sy wat Meisie is, kon Oneday se grille nie altyd verduur nie. Eers die preke in die plaasskure, daarna die lang weke toe hy sy geleerdheid by sy Kerk se skool gaan haal het, toe die lang nagte as hy in die dorpslokasie besig was met die Woord. Daarna weer die maand toe hy sy boordjie gaan haal het. Toe hy die nag met Kaatjie-se-paadjie aangestap kom na die Stiefveld en hulle oor sy gorrel die dwars, wit boordjie kon sien, het Ma Kaatjie "Halleluja!" geroep en met haar ou skommeltiete en skewe kopdoek die stofpad gevat, oor klippers en duwweltjies, en haar slim seun om die nek gaan val.

10.22 Noem EEN van Oneday se grille. (1)

10.23 Wat is Meisie van Oneday? (1)

10.24 Watter mag het die boordjie vir Oneday gegee? (1)

10.25 Watter optrede van Kaatjie in r. 45 – 46 verraai haar blydskap? (1)
**[25]**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

- Beantwoord hier Vraag 11 óf Vraag 12 óf Vraag 13 óf Vraag 14, afhangende van die roman wat jy gedurende die jaar behandel het.

- Hou noukeurig by die lengtevereistes en gee baie aandag aan taalgebruik en skryfstyl.

## VRAAG 11
### *KRINGE IN 'N BOS* (Dalene Matthee)

11.1 Saul Barnard vind aanklank by weinig mense. Bespreek hierdie stelling in ? opstel van 200 – 250 woorde en gee veral aandag aan die volgende hoofpunte:

- Die begrip buitestander
- As denkende mens verwerp die bosmense hom.
- Saul is ook nie goed genoeg vir die mense in die dorp (Knysna) nie.
- Selfs tussen die delwers vind Saul nie ? tuiste nie. (15)

11.2 Gedurende Saul se lewe ervaar hy baie konflik met Jozef sy broer en ook met MacDonald van Knysna. Skryf ? opstel van 180 – 200 woorde oor hierdie konflik en konsentreer op die volgende hoofpunte:

- Saul en Jozef verskil te veel van mekaar. Wat behels hulle konflik?
- Saul en Jozef herenig ook aan die einde van die verhaal. Hoe gebeur dit?
- Die konflik tussen Saul en MacDonald
- Saul triomfeer uiteindelik oor MacDonald. (10)

**[25]**

## VRAAG 12
### *BY FAKKELLIG* (Karel Schoeman)

12.1 David haat die verkeerde; daarom het hy op ? dag in ? konfliksituasie met O Máille beland. Beskryf in twee tot drie paragrawe (100 – 150 woorde) wat aanleiding gegee het tot hierdie botsing en wat die uiteinde daarvan was. Sê ook baie duidelik of dié situasie ? voorbeeld van innerlike of uiterlike konflik is. (5)

12.2 Daar is ? wesenlike verskil tussen die Katolieke Middernagmis en die Protestantse Kersfeesdiens. Dui hierdie verskille aan in ? kort opstel van 300 – 400 woorde en maak van die volgende raamwerk gebruik:

- Die twee dienste word op verskillende plekke (ruimtes) gehou.
- Die twee dienste word op verskillende tye van die dag gehou.
- Hoe verskil die atmosfeer tussen die verskillende groepe kerkgangers?
- Wat is die verskil in atmosfeer tussen die twee dienste en watter effek het dit op David gehad?
- Watter diens was vir jou die opregste? Motiveer jou antwoord. (20)

**[25]**

## VRAAG 13
### *FIELA SE KIND* (Dalene Matthee)

13.1 In al drie ruimtes waarbinne Lukas / Benjamin beweeg, is daar een belangrike persoon wat sy lewe beïnvloed. Beredeneer hierdie stelling in ? opstel van 200 – 250 woorde en maak van die volgende hoofpunte in die antwoord gebruik:

- Fiela se rol in die Lange Kloof
- Elias se rol in die Bos
- Kaliel wat by die see woon se invloed op Lukas (15)

13.2 Tussen Elias van Rooyen en Fiela Komoetie is daar ? groot verskil. Verduidelik in ? opstel van 180 – 200 woorde hoe hierdie twee karakters van mekaar verskil en maak van die volgende skema in die antwoord gebruik:

- Fluksheid teenoor luiheid
- Fiela is ? integriteitsmens en Elias hou van leuens.
- Hulle tree verskillend teenoor hulle kinders op.

Sê ten slotte met watter karakter jy die graagste identifiseer en motiveer jou antwoord. (10)

**[25]**

## VRAAG 14
## *TOORBERG* (Etienne van Heerden)

14.1 Met die lees en waardering van die roman, ***TOORBERG***, kom die leser agter dat heelwat persone en gebeure in die verhaal ooreenstem met probleme wat ons in Suid-Afrika ondervind het en steeds ondervind. Skryf twee tot drie paragrawe van 100 – 150 woorde waarin jy hierdie stelling kortliks motiveer. (5)

14.2 Die meeste van die persoonsname en plekname in hierdie roman het ook ? dieper of simboliese betekenis. Skryf ? opstel van 300 – 400 woorde waarin jy uitbrei oor die volgende lysie persoonsname en plekname. Sê in elke geval waarop of op watter tipe persoon die naam dui en wy dan uit oor die simboliese of die dieper betekenis daarvan:

- Toorberg
- Noag
- KênsTillie
- Waterwyser du Pisani
- Oneday
- Stiefveld (20)

**[25]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**